**Sal Ek dan nie die beker drink nie? (OP249)**

**Joh 18:1-27**

**1 Maart 2026**

Laaskeer het ons ons bestudering van die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed afgesluit. In die laaste gedeelte van die gebed het die Here Jesus juis gebid vir die mense wat deur die dissipels se woorde tot geloof sou kom, d.w.s. vir al die gelowiges, insluitend ons. Hy het gebid dat ons almal een sal wees – nie net onderling een met mekaar nie, maar ook een met Hom en die Vader. Hy het ook gebid dat ons mag wees waar Hy is, sodat ons Sy heerlikheid kan sien. Ons weet dat ons kan uitsien na die volle verhoring van hierdie gebed met die Here Jesus se wederkoms.

Joh 18:1 begin met "Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy saam met Sy dissipels na die oorkant van die Kidrondal vertrek". As ons lees van "die dinge wat Jesus gesê het", verwys dit sekerlik na Sy gebed in hoofstuk 17, maar waarskynlik ook na die hele bovertrekgesprek wat vroeër daardie aand plaasgevind het. Maar nou is die bovertrek gebeure afgehandel, en die gebeure wat nou vervolgens beskryf word, speel af gedurende die loop van die nag wat voorlê. Ons lees van drie gebeure wat gedurende die loop van die nag plaasgevind het: Die Here Jesus se gevangeneming, Sy verhoor voor die hoëpriester, en ook van Petrus se verloëning van die Here Jesus voor die haan die volgende oggend gekraai het. Ek wil graag hierdie gebeure oordink aan die hand van die volgende drie punte: (1) Die Here Jesus was in beheer van die gebeure, (2) Die motivering van die Here Jesus om dit alles deur te gaan, en (3) Die rol van die dissipels.

<u>Die Here Jesus was in beheer van die gebeure</u>

As 'n mens oppervlakkig na die gebeure kyk, dan lyk die prentjie maar donker: In die middel van die nag word die Here Jesus gevange geneem deur 'n klomp Romeinse soldate en die Joodse tempelwag onder die leiding van een van Sy eie dissipels wat Hom verraai het. Daarna word Hy deur die loop van die nag verhoor op 'n manier wat twyfelagtig is. En boonop word Hy selfs deur Petrus, Sy uitgesproke dissipel wat al met soveel bravade oor Hom getuig het, drie keer verloën. Dit alles gebeur gedurende die loop van daardie nag. Dit laat die vraag ontstaan: Wie is in beheer van die gebeure? Is dit die soldate en die tempelwag? Of dalk Judas Iskariot? Of dalk die duiwel self? Het die Here Jesus beheer verloor van die situasie, en selfs beheer verloor oor Sy dissipels. Die antwoord is natuurlik dat die Here Jesus steeds in beheer was van die gebeure. Uit Johannes se beskrywing is daar ten minste vier insidente in hierdie gebeure wat duidelik onderstreep die Here Jesus is steeds in beheer van alles wat gebeur:

- **Die Here Jesus het geweet wat sou gebeur (v4):** Lees Joh 18:4. Hier lees ons dat die Here Jesus geweet het van al die dinge wat met Hom sou gebeur. Hy was nie onverhoeds betrap deur die gebeure nie. Onthou, in Joh 10 het die Here Jesus al geleer dat Hy die goeie herder is wat Sy lewe aflê vir die skape. In Joh 10:18 het Hy al gesê: "Niemand neem dit (dit is: My lewe) van My weg nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het volmag om dit af te lê, en Ek het volmag om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang." Die punt is: Die Here Jesus het lankal geweet dat hierdie dag kom. Hy het al vantevore hieroor getuig. Hy het hierdie aand in die bovertrek weer met Sy dissipels hieroor gepraat. Ja, in die ander Evangelies lees ons hoe Hy in Getsemane in gebed met die Vader geworstel het oor die komende lyding. Maar aan die einde van die gebed was Hy oortuig Sy komende lyding is die wil van Sy Vader. Hy was nie verbaas oor wat besig was om te gebeur nie. Let op hoe Johannes dit in vers 4 beskryf: "Hy het geweet van al die dinge wat met Hom sou gebeur, en

het uitgegaan en vir hulle gevra...". Hy het geweet, en nie gevlug nie, maar gewillig en doelbewus Judas en sy manne tegemoet gegaan.

Kan ek jou herinner: In Gen 3 was die eerste Adam in die tuin van Eden. Toe het die duiwel daar aangekom, en hom verlei, sodat Adam teen die wil van God gedraai het. Nou, hier in Joh 18, is die tweede Adam ook in 'n tuin – die tuin van Getsemane. Weer het die duiwel daar aangekom – die keer in die gestalte van Judas (wat die Here Jesus in Joh 13:2 al met die duiwel geassosieer het). Maar hierdie keer is dit nie die duiwel en sy trawante wat die oorhand gaan hê nie, nee, die Here Jesus het geweet wat met Hom sou gebeur, en Hy was gereed.

- **Die Here Jesus sê: "Ek is Hy" (v5,8):** Ons lees dat die Here Jesus Judas en sy manne tegemoet gegaan het, en vir hulle gevra het wie hulle soek. Hulle antwoord was: "Jesus, die Nasarener", waarop die Here Jesus geantwoord het: "Ek is Hy". Lees vers 6 – die soldate het teruggedeins en op die grond neergeval. Weer vra die Here Jesus vir hulle dieselfde vraag, en weer herhaal hulle dieselfde antwoord, en weer sê die Here Jesus "Ek is Hy". In die 2020 DAV is daar 'n onderskrif wat sê "Ek is Hy" kan ook vertaal word met "Dit is Ek". Kommentatore is dit redelik eens dat ons hier 'n verwysing het na "Ek is", wat die verbondsnaam is van die Here God – "Ek is wie Ek is". Ten minste moes die Jode, soos Judas en die lede van die tempelwag wat die Here Jesus moes gevange kom neem, direk die essensie van die Here Jesus se boodskap besef: Hy is die "Ek is". Hy is dus God. Dit tref hulle soos 'n bom – en die gevolg is hulle deins terug, en val op die grond neer. Vir 'n oomblik word hulle gekonfronteer met die Here Jesus in Sy majesteit en Godheid – en hulle val neer. Dis so anders as destyds in die tuin van Eden: daar het die eerste Adam voor die duiwel geswig. Maar hier val die duiwel se trawante op die grond neer toe die tweede Adam sê: "Ek is". Tipies van die duiwel en die goddelose wêreld, vertrou Judas en sy manne op hulle getalle en hulle wapens en hulle posisie in die samelewing om die Here Jesus te kom konfronteer. Maar dit is nutteloos. Daarteenoor is die Here Jesus sonder wapens, alleen en oënskynlik hulpeloos in vergelyking met die mag teen Hom. En tog, al wat die Here Jesus hoef te sê, is: "Ek is Hy" – en die magte teen Hom steier terug en val op die grond. Duidelik is die Here Jesus in beheer, en Hy is bereid om die duiwel se trawante tegemoet te gaan en hulle te konfronteer – en die gevolg is hulle deins terug en val op die grond neer.
- **Die Here Jesus sê: "Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?" (v11):** Te midde van die gevangeneming van die Here Jesus, is dit Petrus wat optree om die Here Jesus te verdedig. Toe hy sien hoe die soldate en die tempelwag gewapen kom met fakkels, lampe en wapens, toe hy hoor hulle soek Jesus van Nasaret, is dit hy wat optree. Hy trek sy swaard, en hy kap die regteroor van Malgus, die hoëpriester se slaaf, af. Nou: As die Here Jesus enigsens bedreig was deur die gebeure, sou Hy sekerlik die optrede van Petrus waardeer het. Maar dit is nie wat die Here Jesus doen nie. Nee, Hy sê vir Petrus om sy swaard terug te plaas in sy skede. Volgens Luk 22:51 het die Here Jesus vir Petrus gesê: "Hou op daarmee!", en toe het Hy boonop ook nog Malgus se oor genees. Duidelik het die Here Jesus hierdie verdediging deur Petrus afgekeur. En dan voeg die Here Jesus by: "Die beker wat die Vader My gegee het – sal Ek dit dan nie drink nie?"

Die beker waarna die Here Jesus verwys, is Sy lydensbeker. Dit is die beker wat gevul is met Sy Vader se toorn oor al die sonde waartoe die duiwel die nageslag van die eerste Adam verlei het. In Mat 26:39 lees ons dat die Here Jesus sopas hier in die tuin van Getsemane met Sy Vader in gebed geworstel het dat, as dit moontlik is, hierdie beker by Hom moet verbygaan. In vers 42 het Hy gebid dat die beker by Hom moet verbygaan sonder dat Hy dit

drink. Drie keer het Hy hierdie gebed gebid. Maar Hy het ook telkens gevra dat Sy Vader se wil moet geskied. En nadat Hy drie keer hieroor gebid het, was Hy oortuig die Vader wil dat Hy die beker drink. Terwyl die Here Jesus hieroor in gebed geworstel het, was Petrus ook daar – maar hy het geslaap, hy was nie instaat om een uur lank saam met die Here Jesus te waak nie. Maar nou ewe skielik is dit Petrus wat die beker wil keer deur die swaard. Petrus was totaal en al uit pas met die wil van die Vader – hy het geslaap toe die Here Jesus hieroor met Sy Vader geworstel het. Daarteenoor was die Here Jesus oortuig dat Hy hierdie lydensbeker moet drink. Hy het dit geweet van die begin af. Dit is waarvoor Hy gekom het. En sopas het Hy dit weer met Sy Vader uitgeklaar. Daarom is Sy optrede anders as die van Petrus. Anders as aktiewe verset, is die Here Jesus gewillig om die pad te stap. Dit is nie omdat Hy nie in beheer was dat Hy geswig het voor die mag van die soldate en die tempelwagte nie – nee, Hy was oortuig dit was Sy Vader se wil. En daarom stop Hy Petrus, daarom maak Hy Malgus se oor gesond, en daarom verklaar Hy openlik Hy is bereid om die beker te drink. Sy opmerking teenoor Petrus beteken dat Hy eenvoudig nie anders kan as om die beker te drink nie.

- **Die Here Jesus het Petrus se verloëning vooruit akkuraat aangekondig (v15-18, 25-27):** Na die Here Jesus se gevangeneming, is Hy geboei en na die huis van die hoëpriester geneem. Ons sal netnou in meer detail daarna kyk. Maar Johannes weef in Sy beskrywing van die Here Jesus se verhoor voor die hoëpriester ook 'n beskrywing van Petrus se verloëning. Ons lees dat Petrus en 'n ander dissipel die Here Jesus gevolg het na Sy inhegtenisname (v15). Die naam van die ander dissipel word nie gegee nie – daar is heelwat debat daaroor of dit dalk weereens 'n verwysing na Johannes self is. Daar is argumente ten gunste van hierdie siening, en ook daarteen. Alhoewel ek nie in detail hierop ingaan nie, is my indruk dat dit heelwaarskynlik wel Johannes self was. Hoe dit ook al sy, hierdie dissipel het toegang tot die hoëpriester se voorhof gehad, en hy het die deurwag oortuig om Petrus ook toe te laat om in die voorhof te kom. Die deurwag was 'n diensmeisie. Toe sy Petrus sien het sy gevra: "Is jy nie ook een van hierdie man se dissipels nie?" Petrus het dit ontken. Terwyl Petrus hom staan en warm maak het by die vuur, is hy weer gevra: "Is jy nie ook een van Sy dissipels nie?" Weer het Petrus dit ontken. En toe konfronteer Malgus se familielid vir Petrus: "Ek het jou mos in die tuin by Hom gesien, dan nie?" Weer het Petrus dit ontken. En dan sê vers 27: "En onmiddellik het 'n haan gekraai".

  Natuurlik is dit tragies dat Petrus so maklik geswig het, en nie bereid was om te erken dat hy 'n dissipel van die Here Jesus is nie. Maar, let op die volgende: Vroeër hierdie aand tydens die bovertrekgesprek, was Petrus vol bravade in die bovertrek. Hy was verontwaardig omdat die Here Jesus gesê het waarheen Hy nou gaan, kan Petrus Hom nie volg nie. Petrus het hierop gereageer en gesê hy is bereid om selfs sy lewe vir die Here Jesus af te lê. Wel, nou is dit duidelik: Petrus was nie naastenby bereid om sy vinnige belofte na te kom nie. Maar op daardie stadium, vroeër die aand, het die Here Jesus vir Petrus gesê: "Sal jy jou lewe vir My aflê? Amen, amen, Ek sê vir jou: Die haan sal beslis nie kraai voordat jy My drie keer verloën het nie" (Joh 13:38). En dit is presies wat nou gebeur het. Voor die haan gekraai het, het Petrus die Here Jesus drie keer verloën. Die punt is**:** Die Here Jesus was totaal in beheer. Petrus se optrede was nie vir Hom 'n verrassing nie – dit was miskien vir Petrus 'n verrassing, maar nie vir die Here Jesus nie. Hy het presies geweet wat gaan gebeur. Hy was volkome in beheer.

Al lyk dit op die oog af asof die Here Jesus die slagoffer is van Judas en die Jode se plan om Hom te elimineer, is dit belangrik om raak te sien dat Hy volkome in beheer was, en dat Hy gewillig die pad

geloop het, al was dit ‘n swaar en moeilike pad wat vir Hom voorgelê het. Dit laat natuurlik die vraag ontstaan wat die Here Jesus gemotiveer het om dit alles deur te gaan.

<u>Die motivering van die Here Jesus om dit alles deur te gaan</u>

Daar is ten minste drie sake wat die Here Jesus gemotiveer het om hierdie moeilike pad gewillig te stap:

- **Dit is die Vader wat aan die Here Jesus die beker gegee het om te drink (v11):** Die eerste motivering sluit aan by wat ons vroeër oor gepraat het: Die Here Jesus was bereid om die lydensbeker te drink, want dit is die Vader wat aan Hom hierdie beker gegee het. Ons het reeds opgelet dat al het die Here Jesus vroeër die aand in gebed met Sy Vader geworstel of Hy die beker moet drink, was dit duidelik dat dit juis die wil van Sy Vader was. En dit motiveer die Here Jesus om bereid te wees om die pad te stap – dit is wat Sy Vader wil. Vroeër die aand in die bovertrek het die Here Jesus immers vir die dissipels gesê dat Hy in die liefde van Sy Vader bly deurdat Hy die opdragte van Sy Vader uitvoer (Joh 15:10). As Sy Vader wil dat Hy die beker moet drink, dan sal Hy dit drink. Immers is Hy en die Vader een: Ja, Hulle het onderskeibare verantwoordelikhede, maar Hulle het een doel. Die Here Jesus se verantwoordelikheid is om die lydensbeker te drink wat die Vader aan Hom gegee het om te drink. Daarom sal Hy dit drink, en sodoende sal Hy in die liefde van die Vader bly, en sodoende sal Hulle Een bly.
- **Dit is voordelig dat een man vir die volk sterf (v14):** Lees Joh 18:12-14. Nadat die Here Jesus gevange geneem is, is Hy eerste na Annas geneem. Annas was die skoonpa van Kajafas. En Kajafas was op daardie stadium die hoëpriester. Wat ons in gedagte moet hou, is die volgende: Gedurende die jare 6-15 nC, d.w.s. voor die gebeure waarvan ons in Joh 18 lees, was Annas die hoëpriester. Maar hy is deur Pilatus se voorganger verwyder as hoëpriester. Onthou, Pilatus was ‘n Romein. Die Jode was nie gelukkig met die toedrag van sake dat ‘n Romeinse regeringsamptenaar hoëpriesters aangestel het en verwyder het nie. Boonop was daar 5 van Annas se seuns asook sy skoonseun, Kajafas, wat op een of ander stadium hoëpriester was. Gedurende hierdie jaar waarin die Here Jesus gevange geneem en gekruisig is, was dit Kajafas wat hoëpriester was. Maar in die oë van die volk was Annas steeds eintlik die hoëpriester. Hulle het eenvoudig nie die Romeinse aanstellings en afsettings van hoëpriesters aanvaar nie. En dit is waarskynlik waarom die Here Jesus eers na Annas geneem was, en eers daarna na Kajafas toe. Hoe dit ook al sy, in vers 14 maak Johannes die opmerking dat dit Kajafas was wat die raad aan die Jode gegee het dat dit voordelig sal wees as een man vir die volk sterf. Dit is natuurlik ‘n verwysing na Joh 11:47-52. Die gebeure in Joh 11 het afgespeel nadat die Here Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek het, toe die Sanhedrin bespreek het wat hulle moet doen, siende dat die Here Jesus se gewildheid onder die volk toegeneem het. Lees dit. Kajafas het geprofeteer dat dit beter sal wees as een man vir die volk sterf. Kajafas het dus geredeneer dat dit beter sal wees as die Here Jesus sterf, eerder as wat die hele volk agter die Here Jesus aanloop, en in effek in opstand teen die Romeine kom, wat die Romeine sal dwing om die volk uitmekaar te kom jaag. Maar daar was ook iets meer in Kajafas se profesie: Hy het ook genoem dat die Here Jesus moet sterf, sodat al die kinders van God wat orals verstrooi is, verenig kon word. Nou, ons kan met redelike sekerheid aanvaar dat Kajafas nie regtig verstaan het hoe verreikend sy profesie was nie. Maar dit is insiggewend dat Johannes juis noudat die Here Jesus gevange geneem is en eers voor Annas, en daarna voor Kajafas gebring word, juis nou opmerk dat Kajafas destyds hierdie uitspraak gemaak het dat dit voordelig sal wees as een man vir die volk sterf. En Johannes noem dit hier, want die Here Jesus is nou op die punt om te sterf. En Johannes wil

hê ons as lesers moet begryp dat hier baie meer op die spel is as net die Here Jesus gaan sterf: Hy wil hê ons moet verstaan dat dit voordelig is dat die Here Jesus gaan sterf – vir die volk, maar ook vir al God se kinders. Dit is juis die doel met Sy sterwe. En natuurlik is dit ook die rede waarom die Here Jesus bereid is om te sterf: Want dit sal voordelig wees vir die Jode, weliswaar nie vir almal nie, maar wel vir die wat Sy kinders is, en ook vir al die kinders van God, selfs al is hulle nie Jode nie. Dit is wat die Here Jesus gemotiveer het: Die drink van die lydensbeker sal voordelig wees vir al God se kinders – dit sal versoening bewerk vir al hulle sondes, sodat hulle verenig kan word – nie net met mekaar nie, maar veral ook met die Vader en die Seun, soos wat die Here Jesus in Sy hoëpriesterlike gebed gebid het. En dít het die Here Jesus gemotiveer om die lydensbeker te drink.

- **Die Here Jesus was gedring deur Sy liefde vir die mense wat aan Hom behoort:** Dit is kosbaar om in hierdie paar verse wat ons oordink, te let op die Here Jesus se besorgdheid oor Sy dissipels. Dit word op verskeie plekke sigbaar:

  Die eerste plek waar dit sigbaar word, is tydens die gevangeneming van die Here Jesus – lees verse 8-9. Nadat die Jode vir die tweede keer aangedui het hulle is op soek na Jesus die Nasarener, en nadat die Here Jesus vir die tweede keer vir hulle gesê het: "Ek is Hy", gaan Hy voort en sê dat as hulle werklik net na die Here Jesus soek, dan het Hy mos nou erken Hyself is Jesus die Nasarener. Die logiese gevolg hiervan is dat Hy sê gevolglik moet die soldate en tempelwag die 11 dissipels wat saam met Hom was, laat gaan. Hulle soek mos die Here Jesus, en nie die dissipels nie. Die optrede van die Here Jesus hier is in lyn met wat Hy gebid het in die hoëpriesterlike gebed. Daar het Hy in Joh 17:12 gebid: "Toe Ek by hulle was, het Ek hulle wat U aan My gegee het, in U Naam bewaar. Ek het hulle ook beskerm; en niemand van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf (wat natuurlik 'n verwysing na Judas Iskariot was)." Die punt is: die Here Jesus het die dissipels bewaar tot nou toe. En alhoewel Hy op die punt staan om self gevange geneem te word, was Hy steeds besorgd oor die 11 dissipels, en vra dat hulle toegelaat moet word om hulle gang te gaan. Wat is dit wat die Here Jesus gemotiveer het om steeds bekommerd te wees oor Sy dissipels? Natuurlik Sy liefde vir hulle. Alhoewel Hy die lydensbeker gaan drink, en alhoewel dit juis vir hulle voordelig sal wees, is Hy ook nog steeds oor hulle besorgd – selfs gedurende die kort tydjie wat Hy weg sal wees. En daarom vra Hy dat hulle toegelaat sal word om hulle gang te gaan.

  Daar is ook 'n tweede insident waar ons die liefde van die Here Jesus aan die werk sien: In verse 10 en 11 kap Petrus, in 'n onbesonne oomblik van onverantwoordelike ywer, die oor van die hoëpriester se slaaf af. Onthou die realiteit van die situasie: Daar was 'n groot oormag van soldate en tempelwagte wat gewapen was. Daarteenoor is daar die klein groepie dissipels – en blykbaar het net Petrus 'n swaard gehad. Om in so 'n situasie sonder om behoorlik te dink, die slaaf van die hoëpriester af te kap, is moeilikheid soek, bo en behalwe dat dit indruis teen wat die Vader en die Seun deur die gebeure wil bereik. Maar dan gryp die Here Jesus in: Nie net gee Hy opdrag dat Petrus die swaard moet bêre nie, maar Hy genees ook nog die oor van die slaaf. Hoekom het die Here Jesus dit gedoen? Want Hy was lief vir Petrus. Dink net hoeveel swaar gevolge sou daar vir Petrus gewees het, as die Here Jesus nie die slaaf se oor gesond gemaak het nie. Maar die Here Jesus ontlont die hele situasie deur die slaaf se oor gesond te maak – en nou is daar geen rede meer vir die slaaf om Petrus te wil geweld aandoen nie. Die Here Jesus het dit uit liefde vir Petrus gedoen.

Kan ek saamvat: Wat die Here Jesus gemotiveer het om die lydensbeker te drink, was: Sy oortuiging dat dit die Vader was wat aan Hom die beker gegee het om te drink. Hy was ook oortuig dat dit

voordelig sal wees vir Sy ware volk as Een Man, Hyself, vir hulle sterf. En boonop is Hy gedring deur Sy liefde vir Sy dissipels en die mense wat deur hulle woorde tot geloof in Hom sou kom.

Die rol van die dissipels

Ons het gesien dat die Here Jesus in beheer was van al hierdie gebeure. Ons het ook besin oor wat die Here Jesus gedring het om dit alles te doen. Alhoewel dit so is dat die Here Jesus die hoofrolspeler in al hierdie gebeure is, is daar ook ander rolspelers. Ons het al gesien dat Judas, die soldate, Annas en Kajafas ‘n rol gespeel het. Maar daar is ook ‘n rol wat die dissipels moes speel. Kom ons kyk hierna. Vir hierdie doel is dit nuttig om Johannes se beskrywing van Petrus se verloëning te kombineer met van wat Lukas hieroor geskryf het.

Let op die volgende: In Joh 18:12-14 beskryf Johannes dat die Here Jesus gevange geneem is, en toe na Annas gebring is. Dan onderbreek Johannes die beskrywing van die verhoor voor die hoëpriester en beskryf in verse 15-18 die eerste keer wat Petrus die Here Jesus verloën het. Daarna onderbreek Johannes weer die beskrywing hiervan deur terug te keer na die Here Jesus se verskyning voor die hoëpriester in verse 19-24. In verse 25-27 beskryf Johannes dan Petrus se tweede en derde verloëning. Hoekom spring Johannes heen en weer van die een toneel na die ander?

Kom ons kyk eers in bietjie meer detail na wat gebeur het tydens die Here Jesus se verhoor voor Annas. In verse 12-14 lees ons dat Annas die skoonpa was van Kajafas, en dat Kajafas die een is wat gesê het dit is voordelig as een man vir die volk sterf. In verse 19-24 lees ons detail van die inhoud van die verhoor. Vers 19 sê Annas het Hom uitgevra oor Sy dissipels en Sy lering – let op: nie net oor Sy lering nie, maar ook oor Sy dissipels. In verse 20-21 getuig die Here Jesus dat Hy openlik geleer het, tipies in die sinagoge en op die tempelterrein. Baie mense het dit gehoor. As Annas wil weet wat Hy geleer het, moet hy vir hierdie mense gaan vra – nie vir die Here Jesus nie. Die punt is dat Annas wil hê dat die Here Jesus oor Sy eie lering moet getuig. In ‘n verhoor is dit beter wanneer ander getuies oor die beskuldigde getuig. En dit is wat die Here Jesus aan Annas verduidelik – in wese kritiseer die Here Jesus Annas oor die manier waarop hy die verhoor hanteer. Daarom klap een van die tempelwagte die Here Jesus, want volgens hom het die Here Jesus nie die hoëpriester gerespekteer nie (v22). Maar die Here Jesus was heeltemal seker Sy optrede was reg (v23).

Nou: Wat Johannes bereik deur die beskrywing van die verhoor ineen te weef met Petrus se verloëning, is die volgende: In die verhoor moet die Here Jesus Homself verdedig – nie net oor Sy lering nie, maar ook oor Sy dissipels. Dit sluit onder andere in dat die Here Jesus sê dat Annas maar met Sy dissiples kan gaan praat oor wat Hy geleer het. Hierdie dissipels sluit sekerlik die skares in wat Hy geleer het, maar ook in besonder die 11 dissipels wat Hy vroeër hierdie aand nog geleer het, en vir wie Hy gebid het. Hy het gebid vir hulle bewaring en hulle heiliging. Hy het gebid dat die Vader hulle nie uit die wêreld moet wegneem nie, maar hulle van die bose moet bewaar. Maar let nou op: Terwyl die Here Jesus in die verhoor aanbeveel Annas moet maar vir die dissipels gaan vra, is Petrus, een van die dissipels, in die voorhof – en Hy verloën die Here Jesus – drie maal. In Lukas 22:60-62 lees ons: “En dadelik terwyl hy nog besig was om te praat, het ‘n haan gekraai. Die Here het omgedraai en stip na Petrus gekyk, en Petrus het die woorde van die Here Jesus onthou, dat Hy vir Hom gesê het: ‘Voordat ‘n haan vandag kraai, sal jy My drie maal verloën.’ En hy het buitentoe gegaan en bitterlik begin huil.”

Geliefdes, die Here Jesus het vroeër die aand die dissipels onderrig dat hulle sal moet getuig selfs in ‘n bose wêreld. Petrus het vol bravade getuig hy sal sy lewe aflê vir die Here Jesus – maar later daardie nag, voor die haan kraai, toe die Here Jesus getuig Annas kan maar vir die dissipels gaan vra wat Hy geleer het, is Petrus besig om die Here Jesus te verloën. En dit selfs nadat die Here Jesus hom

vooraf gewaarsku het dit gaan gebeur. Genadiglik het die Here Jesus geweet dit sou gebeur. En daardie kyk waarmee Hy na Petrus gekyk het, was sekerlik nie primêr ‘n kyk van veroordeling nie, maar ‘n kyk van kennisname van Petrus se onvermoë, ‘n kyk van liefde om te getuig Hy gaan nog ‘n pad met Petrus stap, ‘n kyk van bemoediging.

<u>Toepassing</u>

Die Here God het ‘n raadsplan. Hy handel volgens Sy plan. Hy sal toesien dat Sy plan volledig uitgevoer word. Die gebeure wat ons vandag in hierdie gedeelte oordink het, is deel van Sy plan. Die Here Jesus se gevangeneming is deel van God se raadsplan. Die Here Jesus het dit verstaan – want Hy ken Sy Vader en Sy plan. Ja, Hy het geworstel met die lyding wat dit vir Hom ingehou het, maar Hy het verstaan wat Sy rol as die mens gewordе Seun van die Vader is. Hy het Sy rol getrou nagekom.

Selfs Judas het ‘n rol gehad – hy het ook sy rol nagekom. Maar die dissipels het ook ‘n rol gehad – so ook Petrus. In ‘n sekere sin het Petrus sy rol vervul – hy het die Here Jesus verloën, en ons kan leer uit sy verloëning.  Maar Petrus het ‘n baie groter rol gehad om nog later te vervul in die loop van die Nuwe Testament, in die vroeë kerkgeskiedenis – daarom het die Here Jesus Hom gewaarsku, vir Hom gebid, Hom stip aangekyk, en verder met Hom gewerk – sodat Hy sy rol kon vervul, sodat God se raadsplan uitgevoer kan word.

Ons as gelowiges het ook ‘n rol. Onder andere het ons ‘n getuienis rol. Die Here Jesus verwag dat ons sal getuig oor wat Hy geleer het. Ons verantwoordelikheid om dit uit te voer, is ingesluit in God se raadsplan. Ons moet dit met groot verantwoordelikheid uitvoer. Mag Hy deur Sy Gees ons hierin help, soos wat Hy vir Petrus gehelp het.